

## Donderdag 22 Augustus

**Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 2:19-20**

### **Lewend in Christus – dood vir die wet**

Bekering is 'n besliste breek met die sonde (2 Kor. 5:17). Soos wat ons in Christus groei, hou ons aan om daaglik te bekeer (heiligmaking). So 'n bekering is ware berou vir die oortreding van God se wet, en nie net 'n jammer-gevoel vir die gevolge van ons sonde nie (2 Kor. 7:10). Hierdie bekering behels die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens in ons (HK 90). Hierdie opwekking, leer Galasiërs 2:20, ons is Christus wat in ons inwoon.

Die Jode in Galasië het probeer om die ewige lewe te bekom deur die wet te gehoorsaam. So 'n benadering is fundamenteel verkeerd, leer Galasiërs. As jy gehoorsaamheid aan die wet as middel tot regverdiging wil hou, kan jy nie die spoor verlaat nie. Elke wet van God moet tot die letter toe gehoorsaam word (Lev. 18:5). Sondaars kan dit nie doen nie.

Die wet van God lei vir ons tot lewe as ons vir die wet sterf. Ons moet vir die wet dood wees om vir God te lewe – ons moet aan Christus verbonde wees deur geloof alleen sodat sy betaling vir die wet se straf ons betaling word. God se wet verdoem ons nie meer tot die ewige dood nie, want daardie vonnis is ten volle deur Christus volbring. As ons in Christus is, dan is die wet se vonnis vir ons voltrek en vrees ons nie verdoemenis nie (Rom. 8:1-4).

Ons het gesterf in Christus, maar ons word ook opgewek tot 'n nuwe lewe in Hom – 'n lewe vol van die vreugdevolle diens aan God. Hierdie nuwe lewe is nie 'n wettelose lewe nie, maar 'n lewe in Christus, 'n lewe in gehoorsaamheid aan die Gees wat ons inwoon en ons lei in ons daaglikse bekering. Hierdie lewe erken dat ons groot sondaars is, maar dat Jesus die groter Verlosser is.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Teologiese Student OA Oosthuizen (Orrie)*